



Soönose – Deel 2:

www.zoonoses.co.za

deur dr. Jan du Preez

Jou diere kan jōú ook genees



Die dinamiese verhouding of band tussen mens en dier geniet wêreldwyd aandag vanweë die wedersydse voordele wat dit vir albei partye inhou.

Tans woon ongeveer 55% van die wêreld se bevolking in stede, maar daar word ver wag dat hierdie persentasie gaan verhoog. In die meer ontwikkelde lande bly daar ongeveer 74% van die mense

in stede, terwyl 44% van die mense in onderontwikkelde lande stedelik is. Teen die jaar 2050 kan die syfers in die omgewing van 58% tot 75% wees. In die betonoerwoud is menslike kontak met plant en dier noodsaaklik maar nie verseker nie, terwyl dit op die platteland ongehinderd voortgaan.

Mens-dierverhoudings

Diere word al hoe meer aangewend as plaasvervangers vir sosiale interaksie in tehuise vir bejaardes, kinderbewarskole, hospitale, ensovoorts. Diere, en veral troeteldiere, dien deesdae enersyds as hulp vir stresontlading en andersyds as skakel met die natuur. Diere het 'n belangrike invloed op hoe die mens oor homself asook oor die lewe voel. Hulle tree soos onderwysers en genesers met buitengewone talente op. Die emosionele, sosiale en fisieke bydraes en voordele van diere (vernaamlik honde), wild en voëls is vir mense onmisbaar en behoort volhoubaar te wees.

Emosionele voordele van diere vir die mens



- Die gemoedstoestand van die mens word verlig en hy voel nie so eensaam nie. Diere verlaag die gevoel van eensaamheid en isolasie omdat hulle kameraadskap bied.
- Daar is iets om voor om te gee en te versorg. Baie ouer mense wat alleen bly, sal jou vertel dat sy troeteldier die rede is hoekom hy wil leef.
- Die nabyheid van 'n dier kan iemand help om beter aan te pas na ernstige siekte of die dood van 'n geliefde. Kinders praat baie keer met hulle troeteldiere vir troos indien 'n vriend of familielid gesterf het. Bedroefde volwassenes wat nie 'n nabye bron van ondersteuning het nie, beleef minder depressie indien hulle troeteldiere besit.
- Mense is minder angstig en voel veiliger. Troeteldiereienaars is geneig om minder bang te voel dat hulle dalk 'n slagoffer van misdaad sal wees wanneer hulle met 'n hond stap of 'n hond in die huis het.
- Die teenwoordigheid van 'n dier bevorder ontspanning en verminder alledaagse stres. Diere kan help dat mense meer ontspanne is sodat hulle minder op probleme en kwellinge konsentreer.
- Fisieke kontak met diere is heilsaam. Die geleentheid om iets soos 'n dier aan te raak is psigologies belangrik vir die mens. Baie studies toon hoe belangrik aanraking vir die mens se fisieke en emosionele gesondheid is.
- Bly aktief. Om 'n dier te besit help baie om iemand aktief te hou. Die persoon kry nie net oefening deur met die dier te stap nie, maar verhoog ook sy aktiwiteit deur vir die dier kos te gee, hom te versorg en ook met hom te speel.
- Diere dra by tot beginselvastheid of konsekwentheid. Diere voorsien beginselvastheid vir 'n mens se bestaan. Om te sorg en om te gee vir 'n dier het 'n aansienlike uitwerking op 'n mens se roetine. Dit gee vir die mens 'n taak om daaglik te verrig en waarna hy ook elke dag kan uitsien.





Diere het 'n belangrike invloed op hoe die mens oor homself asook oor die lewe voel. Die geleentheid om 'n dier aan te raak is psigologies belangrik vir die mens. Foto: Jan. H. du Preez.

Sosiale voordele van diere vir die mens



- Diere skep 'n gevoel van welstand en nabyheid. Opnames wat gedoen is voordat en nadat die gesin 'n troeteldier gekry het, wys dat die gesin gelukkiger is nadat die troeteldier tot die gesin toegevoeg is.
- Gesprekvoering word veral gestimuleer met die aanwesigheid van diere. Mense by 'n dierekliniek gesels meer met mekaar in die vertrek in die teenwoordigheid van 'n hond as wanneer die hond nie daar sou wees nie.
- Aanmoediging van interaksie. Inwoners van langtermyn versorgingsfasiliteite was meer gewillig om aktiwiteitsessies waar 'n dier teenwoordig was, by te woon.

Hierdie kind ervaar onbewustelik fisieke, emosionele en sosiale voordele met die aksie om die dier te voer. Foto: Jan. H. du Preez.



Fisieke voordele van die dier vir die mens (veral honde)



- Lewensduur word verleng ná hartaanvalle. Die eienaars van honde se kans om langer te leef ná 'n hartaanval is gunstiger.
- Verlaag cholesterol en trigliseriede. Persone met troeteldiere het laer vlakke van cholesterol en trigliseriede vergeleke met persone wat nie troeteldiere het nie. Beide groepe se diëte, gewig en rookgewoontes was dieselfde.
- Verlaag bloeddruk en verminder stres. Persone wat strestoestande beleef of fisieke ondersoeke in die teenwoordigheid van 'n hond ondergaan, se hartspoed en bloeddruk was laer gedurende die toetse.
- Verhoogde fisieke aktiwiteit en funksionering. Troeteldiereienaars het soms beter fisieke gesondheid omdat dit nodig is om aktief te wees saam met die troeteldier en om te sorg vir die dier.
- Verminder doktersafsprake en geringe gesondheidsprobleme. Die gebruik van voorskryfmiddels en die totale koste van die pasiënt se versorging in die verpleeginrigting daal wanneer geselskapsdiere deel van die behandeling uitmaak.
- Voorspel van epileptiese aanval. Sommige persone wat periodieke aanvalle kry, sê dat hulle honde voel aan, of besef dat die epileptiese aanval gaan kom, voor hulle dit self besef.
- Waaksaam wees vir hipoglikemie (bloedsuikergebrek). Daar is diere wat die eenaar bewus maak van episodes of voorvalle van hipoglikemie wat aan die kom is en dit gee die eenaar kans om op te tree ter voorkoming van 'n koma.

Honde en katte is die algemeenste troeteldiere wêreldwyd. Ten minste 70% van alle huishoudings in die Verenigde State het troeteldiere (honde, katte en voëls). Die mens se beste vriend is 'n hond omdat hy liefde gee, goedgesindheid openbaar, saam met sy hanteerder werk, altyd vriendelik is, nie oordeel nie, onvoorwaardelik vertrou kan word, 'n oor bied vir probleme, en daartoe bydra dat die mens voel hy word benodig. Bogenoemde is ook van toepassing op ander diere, voëls en wild.

Dit is onontbeerlik en gebiedend noodsaaklik dat die gesondheidstatus van elke dier bo verdenking is en om te verseker dat kontak met die diere nie soönotiese besmetting sal veroorsaak nie. Voedsame, gebalanseerde kos vir jou diere, voëls en wild is beslis noodsaaklik vir optimale gesondheid en immuniteit ten einde siektes (bv. sarkoptidose) te kan weerstaan. Kundige, volgehoue, doeltreffende diereversorging verminder stres en bevorder die diere se immuniteit en gesondheidstatus. **R**

